LAERSKOOL KOUE BOKKEVELD
NET DIE BESTE

# LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

## Uit die kantoor

"The only source of knowledge is experience." Albert Einstein

Watter interessante lewe, vol avontuur en ervarings, wag elke dag vir ons kinders daar buite, as hulle by hulle voordeure uitstap.

Dit is lekker om by die skool te ervaar hoe hulle nie genoeg kry van kennis, nuwe informasie en ervarings nie. Dit is eintlik aansteeklik en 'n voorreg vir ons wat die tyd met hulle kan deel en saam met hulle mee maak.

Hoe meer ervarings ons vir hulle skep, by die skool en by die huis, op hoe groter vlak vind leer en groei in menswees plaas. Kom ons vat mekaar se hande hiermee.

Ek is baie opgewonde met die momentum wat by ons skool is.

Dankie vir al ons ouers se ondersteuning.

Baie dankie aan ons uitstekende SBL.

Dit is 'n plesier om saam met julle te werk om die skool vir ons kinders uit te bou.

My beste wense aan elke gesin.

*Pieter de Bruyn*



## KARAKTERBOU



Hierdie jaar fokus ons op VERANTWOORDELIKHEID. In kwartaal 1 is die fokus binne verantwoordelikheid om ons eie klasse skoon te hou.

Bokkies sien kans vir die uitdaging.

Die skoonste klasse hierdie maand: Graad 3 en Graad 2! Mooi, julle!

## KARAKTERKAMPIOENE

Die afgelope maand het die volgende leerders uitgeblink in een of meer van die skool se kernwaardes.

Graad 1 - Kaylie du Toit omdat sy 'n getroue werker is.

Graad 2 - Cobus de Wet omdat hy oplettend is en oor goeie algemene kennis beskik.

Graad 3 - Wicus Rossouw omdat hy 'n pligsgetroue leerder is.

Graad 4 - Zhenia Prins omdat sy hulpvaardig is.

Graad 5 - Keanan Erasmus omdat hy hulpvaardig is.

Graad 6 - CH Kotze omdat hy verantwoordelik is met sy werk.

Graad 7 - Daniël du Toit omdat hy hulpvaardig en vriendelik is.

# Netbalkliniek

20 en 21 Februarie was Francois Nel hier om vir ons netbaldogters nuwe vaardighede aan te leer. Hoe om `n netbalbal vinniger en sterker te gooi en om te fokus op buitevoetlanding. Ons is opgewonde om dit by die oefeninge toe te pas en elke jaar daarop voort te bou. Dankie aan elke juffrou, dogter en ouer wat hulle tyd opgeoffer het om deel hiervan te wees.







# Pre graad R



Kyk ons oulike



# KARAKTERKAMPIOENE

Graad 1 - Benjamin du Toit omdat hy 'n goeie en netjiese werker is.

Graad 2 - Quinesia Goliath omdat sy 'n gehoorsame leerder is.

Graad 3 - Crysteé Januarie omdat sy 'n pligsgetroue leerder is.

Graad 4 - Jonty Galant omdat hy netjies werk.

Graad 5 - Ewert Manning omdat hy respek het.

Graad 6 - Zenith Julies omdat sy baie behulpsaam is.

Graad 7 - Ian Naude omdat hy hulpvaardig en op sy plek is.

Ons is baie trots op elkeen van hulle!

# Atletiek

Ongeveer 20 atlete het gaan deelneem aan die Witzenbergbyeenkoms. Daar is 8 van ons atlete vir die Witzenbergspan gekies om aan die Bolandbyeenkoms in die Paarl te gaan deelneem. Ons is baie trots op hulle. Ons is veral trots op Marlizèy van Zyl (gewigstoot D o.11) en Elgar Jantjies (hoogspring S o.12) wat by die Witzenbergbyeenkoms 'n rekord in hul onderskeie items verbeter het.

Vier van die sewe atlete het besluit om aan die Bolandbyeenkoms deel te neem. Hulle het dit almal as 'n goeie ervaring en blootstelling ervaar.

Ons is BAIE trots op Marilzèy wat 'n derde plek behaal het en in die Bolandspan opgeneem is.










Op Saterdag, 7 Maart hou ons, ons eie Mini-krieketdag hier! Ons verwag ongeveer 54 spanne vanaf 14 skole. Kom ondersteun ons spanne en kom geniet hierdie heerlike dag saam met ons!

Dankie aan almal betrokke wat alreeds hard werk om hierdie dag EKSTRA spesiaal te maak!

Ons is nog op soek na Graad 6 en 7-leerderhulp! Gee asb. julle name op!

# REDENAARS



Inskrywings vir hierdie jaar se redenaars is OOP! Kontak vir Juffrou Rolien vir meer inligting.

Alle inskrywings sluit die 20ste Maart 2026.

# EISTEDDFOD

Bokkies kan hierdie jaar weer aan die Paarl Vallei Virtuele Eisteddfod deelneem. Kaartjies vir deelname word hierdie jaar deur Quicket gekoop. Afdelings waarvoor daar ingeskryf kan word, is:

1. Afrikaans Voordrag
2. English Poem
3. Onvoorbereide Lees - Afr.
4. Unprepared Reading - Eng.
5. Fotografie
6. Teken
7. Verf
8. Gemengde Media

R50 per inskrywing! Besluit solank waarvoor jy graag wil inskryf.

Kaartjies vanaf 10 Maart 2026 te koop!



# FOTODAG 1

25 Maart

## KLAS- EN INDIVIDUELE FOTO'S

Graad 1 tot 7 - leerders word afgeneem met somersdrag en skoolskoene. Broer en suster foto's sal ook geneem word, bestellings kan later geplaas word.

Pre-Graad R en Graad R se kleredrag sal deurgegee word.

# Synergy Cup - Tennis



Helené en Daniël speel die naweek vir Wes-Kaap Kavaliers in die Synergy Cup teen WP. Ons wens hulle baie sterkte toe.

# Konsert 2026

Maak reg vir iets uit 'n ander wêreld!




Meer inligting volg binnekort! Teken solank hierdie datums aan:

16 & 17 September

# KRIEKETNUUS



## o.11 KBV vs Worcester-Oos

Worcester-Oos se manne was op die dag te sterk vir ons, maar daar was goeie prestasies by ons manne ook. MW Pretorius het pragtig geboul en gekolf, terwyl Christopher du Toit ook baie goed geboul het.



## o.13 KBV vs Worcester-Oos

Die manne van Worcester-Oos was bietjie sterk vir ons, maar daar was goeie prestasies. Jean Dreyer het 3 paaltjies in vier beurte gevat. Wikus Bothma het twee uitstekende vangskote gehad. Ons seuns se gees en sportmanskap was 'n voorbeeld gewees.

## o.13 KBV vs Ceres Primêr



Goeie krieket is deur beide spanne gespeel. Jean Dreyer het 'n uitstekende 46 geslaan. Kyle Muller en Jean Dreyer het baie goed geboul. Baie geluk aan Ben van der Merwe wat 4 beurte geboul het vir 9 lopies en drie paaltjies gevat het.

## RUGBY - HULP GESOEK

Ons is op soek na afrigters vir die o.9 en o.11 spanne. Enige belangstellendes kan vir Meneer Pieter de Bruyn direk kontak.

## WITZENBERG KRIEKETSPAN



Die volgende seuns is in die Witzenberg Krieketspan opgeneem: Wikus Bothma, Jean Dreyer, Kyle Muller, Daniël du Toit en Ben van der Merwe.

Baie geluk met hierdie mooi prestasie!




Kontak vir Juffrou Hanle vir meer besonderhede oor die SPITBRAAI!

## AKADEMIE

Ons eerste toetsreeks vir 2026 is om die draai! Maak asseblief seker dat u kind by Google Classroom ingeteken is om die nodige werksafbakening te kry.

# TENNIS IS ‘n FEES

Laerskool Robertson kom toer teen Koue Bokkeveld. Ons is altesaam 48 spelers op die baan.

Ons speel enkels, dubbels en gemengde dubbels.



2026

Baie dankie, Juffrou Hanle!